(Reg No. 2007/222930/23)
LAMPRECHT
voere•feeds

Kerkplein 373
PO Box 16
Amersfoort
2490

(Reg No. 2010/081999/23)

Tel 017 753 1042/3 **Fax** 017 753 1202 **Web** www.lamprechtfeeds.com **E-mail** claudine@lamprechtfeeds.com

Persoonlike Inligting vir Administrasie Kantoor

Volle Name	
Van	
Besigheid / Boerdery Naam	
ID en/of Besigheid Reg Nr	
VAT No.	

Pos Address	
Fisiese Address *Domicilium Citandi et Executandi*	
Lewerings Adres Verskaf ook GPS Koordinate	

Telefoon Nommer		**Selfoon**	
Faks Nommer		**Email**	

Aard van Besigheid ☐ **Eenmansaak** ☐ **EDMS (Bpk)** ☐ **Trust** ☐ **BK** ☐ **Ander**

Betalingsterme ☐ **7 Dae** ☐ **Maandrekening**

Ek erken dat die boonste inligting waar en juis is.

_____

Volgemagtigde se handtekening

***KLANTE WAT ONDERNEEM OM BINNE 7 (SEWE) DAE FAKTURE TE BETAAL, KAN SLEGS DIE VOORBLAD VOLTOOI TESAME MET DIE BEPALINGS EN VOORWAARDES OP BLADSY 2. MEEGAANDE BEPALINGS EN VOORWAARDES IS BINDEND IN ALLE GEVALLE WAT OOKAL DIE BETALINGSTERME. IN GEVAL VAN N MAANDREKENING MOET DIE FORMELE KREDIET AANSOEKVORM VOLLEDIG VOLTOOI WORD IN SWART PEN. DIE AANSOEKER MOET GEMAGTIG WEES OM DIE AANSOEK TE ONDERTEKEN. PARAFEER ASSEBLIEF ALLE BLADSYE.

HIERDIE DOKUMENT TESAME MET DIE BEPALINGS EN VOORWAARDES SOOS OP BLADSY 2 DIEN OOK AS KREDIT AANSOEKVORM VIR DIE KLANTE WAT ONDERNEEM OM BINNE 7 DAE VAN ELKE FAKTUUR TE BETAAL.

Verder verklaar ek/ons dat ek/ons bereid is om die formele krediet aansoekvorm te voltooi, sou ek afwyk van my onderneming soos hierbo, om wel binne 7 dae te betaal.

Volgemagtigde se handtekening Naam in Drukskrif Datum

_____ _____ _____

TERME

1. LAMPRECHT ROLLER MEULE BK (hierna genoem LRM) sal geregtig wees om eensydig enige kredietfasiliteite van my/ons (hierna gedoem die aansoeker) te enige tyd op te skort vir n periode wat LRM dit goed ag.
2. LRM sal geregtig wees om, indien n rekening van die aansoeker nie binne 30 dae na afsending van staat betaal word nie, voort te gaan met die uitreiking van dagvaarding sonder vooraf kennisgewing aan die aansoeker. Die aansoeker erken hiermee dat hy in morae is indie betaling van n rekening nie geskied binne 30 dae na afsending van staat nie.
3. Die aansoeker is aanspreeklik vir betaling van rente teen die koers wat weerspieel sal word op die maandstaat vanaf die datum waarop die bedrag opseisbaar en betaalbaar geword het tot datum van finale betaling.
4. Die Landdroshof sal jurisdiksie he om enige geding of geskil te gereg wat deur LRM teen die aansoeker aanhangig gemaak word voortspruitend uit die verkoop en/of lewering van goedere aan die aansoeker op krediet deur LRM, ongeag die bedrag ter sprake. LRM doen egter nie hiermee afstand van sy reg om n geskil of n geding aanhangig te maak teen die aansoeker in die Hooggeregshof van Suid-Afrika nie.
5. Die risiko wins en verlies ten opsigte van die goedere sal oorgaan op die aansoeker op datum van lewering van die goedere aan die aansoeker. Nieteenstaande lewering van die goedere, sal eiendmsreg in die goedere steeds setel in LRM totdat die volle koopprys van die goedere aan LRM betaal is. Indien betaling nie op die verkuldigde datum gemaak word nie, sal LRM geregtig wees om teruggawe van die goedere of n gedeelte daarvan te neem sonder om eers hierde ooreenkoms te kanselleer en sal LRM in so n geval geregtig wees om die goedere te behou totdat betaling gemaak is of om die ooreenkoms e kanselleer ten opsigte van daardie goedere. In welke geval ookal sal LRM geregtig wees om enige skade wat gely word as gevolg van terugname of kansellasie te eis van die aansoeker. In enige van bogenoemde gevalle sal die koste aangegaan deur LRM vir hantering, vervoer en stoorgeld deur die aansoeker gedra word.
6. n Sertifikaat uitgereik deur die bestuurende direkteur van LRM sal prima facie getuienis wees van die bedrag wat deur die aansoeker verskuldig is op enige gegewe tydstip en sodanige sertifikaat sal voldoende wees vir doeleindes van vonnis, hetsy by verstek, summiere vonnis of voorlopige vonnis.
7. Indien LRM aksie teen die aansoeker instel voortspruitend uit die verkoop en/of lewering van goedere aan die aansoeker, sal die aansoeker aanspreeklik wees vir al die regskoste van LRM op prokureur en eie klient skaal insluitende invorderingskomissie.
8. Eise ten opsigte van die goedere verkoop of vir enige tekortkoming in die goedere of onvermoe van die goedere ten opsigte van stndaard of kwaliteit of geskikdheid vir n bepaalde doelstelling, word uitdruklik beprekd tot die uitdruklike of geimpliseerde waarborge wat aan LRM gegee is ten opsigte van die goedere deur die vervaardiger daarvan. Enige eise ten opsigte van bogenoemde wat ingedien moet word, sal slegs oorweeg word indien sodanige eis binne 7 dae na ontvangs van die goedere deur die aansoeker ingestel word, en moet enige eis volgens LRM. Geen ander warborg hetsy uitdruklik of stilswyend word deur LRM aan die aansoker gegee nie.
9. Hierdie ooreenkoms is die volle ooreenkoms tussen die partye en geen wysiging daarvan sal bindend wees tensy dit op skrif gestel is en deur beide partye onderteken is nie. Hierdie ooreenkoms is ses maandeliks hersienbaar en onderneem die aansoeker om op n ses maandelikse basis, indien nodig, n nuwe kredietaansoekvorm te voltooi en te onderteken. Die aansoeker kies as domicilium citanti et executandi vir doeleindes van hierdie ooreenkoms, die fisiese of geregistreerde adres gespesifiseer op die voorkant van hierdie aansoekvorm.
10. Die aansoeker kies as domicilium citandi et executandi vir doeleindes van hierdie ooreenkoms, die fisiese of geregistreerde adres gespesifiseer op die voorkant van hierdie aansoekvorm.
11. Indien hierdie aansoekvorm ondereken word deur n persoon in n verteenwoordigende hoedanigheid namens die aansoeker, waarborg sodanige persoon sy magtiging om die aansoekvorm namens die aansoeker aan te gaan. Die ondertekenaar van hierdie ooreenkoms namens die aansoeker verbind homself verder hiermee as borg en mede hoofskuldenaar in sollidum met die aansoeker ten gunste van LRM vir die stiptelike nakoming deur die aansoeker van al sy verpligtinge in terme van hierdie aansoek.
12. LRM behou die reg voor om sy pryslyste te verander en in die besonder om die prys te verhoog, van tyd tot tyd, sonder voorafgaande kennisgewing aan die aansoeker. Dit word derhalwe uitdruklik op rekord geplaas dat LRM die finale prys mag vasstel op die stadium van lewering van die goedere aan die aansoeker.
13. In die geval waar n agent namens LRM optree, sal die aansoeker steeds n kredietaansoekvorm van LRM voltooi en onderteken en aanspreeklik wees teenoor LRM. Alle betalings wat aan die agent vir LRM gemaak word, moet gemaak word ten gunste van LRM en sou enige betalings ten gunste van die agent gemaak word, sal dit geag wees dat die betalings nooit gemaak is nie.
14. .Indien enige betaling nie stiptelik op die vervaldag gemaak word nie, sal die totale bedrag verskuldig dadelik opeisbaar en betaalbaar word.
15. In die geval van adresverandering van die aansoeker, moet die aansoeker binne 7 (sewe) dae na adresverandering LRM skriftelik kennis gee van die nuwe adres.
16. Die aansoeker sal geen skuldoorsaak teenoor LRM verkry weens vertraging by die lewering van die goedere as gevolg van n tekort aan voorraad, vervoervertragings, ongelukke, stakings of ander onvermydelike voorvalle nie.
17. Die aansoeker doen afstand van die verweer van hersiening van rekening en foute van berekening en ook van eskepsies en voordeel van eseptio non causa debiti de diobos vel pluribus reis debendi beneficium ordinis seu exessionis ad divisonia betekenis en inhoud waarvan die aansoeker verklaar hy ten volle op hoogte van is.
18. Die aansoeker sedeer en dra hiermee sy reg, titel en belang in en tot al die boekskulde van homself en sy besigheid, van welke aard ookal bestaande op datum hiervan en te enige tyd hierna wat die aansoeker mag he teen enige persoon, maatskappy, kooperasie, firma, assosiasie en enige ander regspersone aan LRM oor as synde dekkende sekuriteit vir enige bedrag verskuldig aan LRM op datum hiervan of te enige tyd hierna.